# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Wednesday 3 February 1971** **WINDHOEK** **Woensdag 3 Februarie 1971** **No. 3136**


CONTENTS

INHOUD *Page/Bladsy*


**DRAFT ORDINANCE:**

Public Health Amendment Draft Ordinance, 1971

**ONTWERPORDONNANSIE:**

Wysigingsontwerpordonnansie op Volksgesondheid, 1971 . . . . . . . . . . . 90


## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the provisions of section 130 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), of the Republic of South Africa as applied to the Territory by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920), so as to provide for the artificial lighting and ventilation of rooms intended to be used as work rooms.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows: —

Amendment of section 130 of Act 36 of 1919 as applied to the Territory by Proclamation 36 of 1920.

1. Paragraph (b) of subsection (1) of section 130 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), of the Republic of South Africa as applied to the Territory by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920), is hereby amended —

(a) by the substitution for the semicolon preceding the word "or" at the end of that paragraph of a colon; and

(b) by the addition of the following proviso:

"Provided that the Administrator may, when he is satisfied that an essential need therefor exists and that it is in no way detrimental to the health of those persons who work in such a room, grant exemption from any of the provisions of this paragraph with regard to the lighting and ventilation of a room intended to be used as a work room and not intended to be used as a living or sleeping room on such conditions as he may determine;".

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Public Health Amendment Ordinance, 1971.

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die bepalings van artikel 130 van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), van die Republiek van Suid-Afrika soos op die Gebied toegepas by the Publieke Gezondheids Proklamatie, 1920 (Proklamasie 36 van 1920), om voorsiening te maak vir die kunsmatige beligting en belugting van kamers bestem om as werkkamers gebruik te word.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg: —

Wysiging van artikel 130 van Wet 36 van 1919 soos op die Gebied toegepas by Proklamasie 36 van 1920.

1. Paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel 130 van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), van die Republiek van Suid-Afrika soos op die Gebied toegepas by die Publieke Gezondheids Proklamatie, 1920 (Proklamasie 36 van 1920), word hierby gewysig —

(a) deur die kommapunt wat die woord „of" aan die einde van daardie paragraaf voorafgaan, deur 'n dubbelpunt te vervang; en

(b) deur die byvoeging van die volgende voorbehoudsbepaling:

„Met dien verstande dat die Administrateur, indien hy oortuig is dat 'n wesenlike behoefte daarvoor bestaan en dat dit op generlei wyse nadelig is vir die gesondheid van daardie persone wat in so 'n kamer werk nie, vrystelling van enige van die bepalings van hierdie paragraaf met betrekking tot die beligting en belugting van 'n kamer bestem om as werkkamer gebruik te word en nie bestem om as slaap- of woonkamer gebruik te word nie, kan verleen op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal;".

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Volksgesondheid, 1971.

---